View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Etiese grondslae van die grondwetlike reg – ’n Reformatoriese perspektief

N. Vorster & J.M. Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: nvorster@telkomsa.net
kwsjmv@puknet.puk.ac.za

## Abstract

### Ethical foundations of constitutional jurisprudence – a Reformational perspective

*South African constitutional jurisprudence is delivered on a value-driven basis. The implication of this approach is that the Constitution is interpreted by courts in terms of the fundamental values of the Constitution of 1996, that is, human dignity, equality and freedom. The value-driven basis of constitutional jurisprudence was emphasised by the Constitutional Court in* ***State v Makwanyane****. Abstract ideals, however, always suppose certain ethical presuppositions. It is therefore important that a common framework of values should be created to help courts interpret the Constitution. The aim of this article is to focus on the ethical content that the Constitutional Court currently gives to the fundamental values of the Constitution, and to provide a brief Reformational perspective on the values of dignity, equality and freedom. The central theoretical argument of this article is that courts found rights, in accordance with constitutionalism which is a product of the Enlightenment, anthropocentrically in the inherent qualities that man possesses. The Reformational tradition, in contrast, founds the rights of man theocentrically in man’s relation with God.*

## Opsomming

### Etiese grondslae van die grondwetlike reg – ’n Reformatoriese perspektief

*Die Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak word op ’n waardegedrewe grondslag gelewer. Dit beteken dat die Grondwet van 1996 deur howe geïnterpreteer word in terme van die grondwaardes van die Grondwet, naamlik menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die waardegedrewe aard van grondwetlike regspraak is deur die Grondwetlike Hof beklemtoon in* ***State v Makwanyane****. Abstrakte ideale veronderstel egter altyd etiese voorveronderstellings. Dit is daarom belangrik dat ’n gemeenskaplike raamwerk van waardes geskep moet word wat as ’n interpretatiewe*

*raamwerk vir grondwetlike regspraak kan dien. Die doel van hierdie artikel is om te fokus op die etiese inhoud wat howe tans aan die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gee. Daarna sal ’n kort Reformatoriese perspektief op menswaardigheid, gelykheid en vryheid gegee word. Die sentrale teoretiese argument van hierdie artikel is dat howe regte tans, ooreenkomstig die siening van die konstitusionalisme wat ’n produk van die Verligting was, antroposentries fundeer in die inherente eienskappe van die mens. Die Reformatoriese tradisie daarteenoor, fundeer die regte van die mens teosentries in die mens se verhouding tot God.*

## 1. Inleidend

Dit is ’n algemene tendens in moderne grondwette om die waardes waarop ’n staat gefundeer is, uiteen te sit (Venter, 2000:1). In die Suid-Afrikaanse Grondwet word verskeie grondliggende bepalings gevind wat spesifieke grondwetlike waardes tot sleutelwaardes verhoog (vgl. Venter, 2000:1). Uit artikels 7(1), 36(1) en 39(1) van die 1996-Grondwet blyk dit duidelik dat menswaardigheid, gelykheid en vryheid as die grondwaardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet beskou word. Die waardes van nie-rassigheid, nie-seksisme, die oppergesag van die Grondwet, die heerskappy van die reg en demokrasie, wat ook in artikel 1 genoem word, is almal afgelei van die grondwaardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid (Venter, 2000:4).

Dit is belangrik om grondwetlike waardes te onderskei van menseregte en fundamentele regte. Venter (2000:6) beskryf menseregte as universele ideale wat regsdenke lei, terwyl fundamentele regte subjektiewe, afdwingbare en gekonkretiseerde regte is wat ’n sentrale rol in die Grondwet speel. Grondwetlike waardes onderlê die fundamentele regte en verskaf fundamentele riglyne vir die interpretasie en toepassing van ’n grondwet. Hoewel hierdie drie begrippe nou verwant en interafhanklik is, kan dit nie as sinonieme gebruik word nie (Venter, 2000:6).

Die doel van hierdie artikel is om, met die onderskeiding van Venter in gedagte, spesifiek te fokus op die etiese grondslag wat howe aan die grondwaardes van die Grondwet gee en om daarna ’n kort Reformatoriese perspektief op hierdie waardes te bied. Die sentrale teoretiese argument van die artikel is dat howe hoofsaaklik aansluit by die dominante Westerse paradigma van menseregte wat die regte van die mens in sy inherente eienskappe fundeer. Die Reformatoriese tradisie daarteenoor, fundeer die regte van die mens in sy verhouding tot God.

## 2. Die waardegedrewe aard van die Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak

Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak word nie meer op ’n positiwistiese wyse nie, maar wel op ’n waardegedrewe grondslag gelewer. Die Grondwet word nie deur howe geïnterpreteer ooreenkomstig die oorspronklike bedoeling van die wetgewer nie, maar wel in terme van die grondwaardes wat in die Grondwet gevind word, naamlik menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die waardegedrewe aard van die grondwetlike regspraak is in *State v Makwanyane and another* (1995) (6) BCLR 665 (CC)[1] telkens deur die regters van die Konstitusionele Hof bevestig.

Regter Mokgoro wys in haar uitspraak daarop dat grondwetlike interpretasie van howe vereis dat botsende fundamentele regte en vryhede met mekaar gebalanseer moet word. Dit kan alleen gedoen word met behulp van ’n waardesisteem ekstern tot die grondwetlike teks self (*State v Makwanyane* [par. 302]). Behalwe vir internasionale norme meen Mokgoro dat inheemse waardesisteme ook geraadpleeg moet word, sodat ’n werklik inklusiewe regspraak ontwikkel kan word (vgl. *State v Makwanyane* [par. 304]). Die ontwikkeling van ’n inklusiewe regspraak is nie net die taak van die Konstitusionele Hof nie. Dit is nodig dat verskillende sektore van die gemeenskap, soos die regsberoep, akademici en verteenwoordigers van die burgerlike gemeenskap, hulle bydraes maak en hulle argumente voor die howe lê (*State v Makwanyane* [par. 306]). Dié siening van regter Mokgoro word ook deur die ander regters van die Grondwetlike Hof ondersteun. Volgens regter Sachs moet die tradisies, gelowe en waardes van alle sektore van die gemeenskap in ag geneem word in die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse regspleging, sodat die Hof die fundamentele sin vir geregtigheid en reg wat deur die gemeenskap gedeel word, kan artikuleer (*State v Makwanyane* [par. 361, 362]). Regter O’ Regan (*State v Makwanyane* [par. 322, 323]) wys daarop dat grondwetlike regspraak gerig moet wees op ’n toekomstige samelewing wat die gemeenskaplike waardes wat die politieke oorgang bewerkstellig het, weerspieël. Regter Kriegler (*State v Makwanyane*, [par. 207]) meen dat die metode wat die Hof moet gebruik, essensieel juridies moet wees, en nie filosofies of moreel nie. Hy erken egter ook dat die juridiese proses nie in ’n etiese vakuum kan geskied nie, want juridiese konsepte dra ook waardeoordele. Veral in grondwetlike regspraak kan waardeoordele nie vermy word nie.

1 Besonderhede van hofsake word voluit geskryf slegs die eerste keer wat dit in die teks van die artikel genoem word.

Die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike waardesisteem beteken egter nie dat howe hulleself kan laat lei deur wisselende openbare mening nie. Volgens regter Chaskalson (*State v Makwanyane* [par. 87, 88]) fokus regspraak nie op meerderheidsopinie nie, maar wel op die Grondwet self. Die openbare mening het wel 'n sekere relevansie, maar die taak van die Hof, in die eerste plek, is om die Grondwet te handhaaf.

Dit is verblydend dat die Grondwetlike Hof die waardegedrewe aard van grondwetlike regspraak erken omdat menswaardigheid, gelykheid en vryheid nie empiries aantoonbare ideale is met 'n objektiewe inhoud wat vanself geld nie. Die abstrakte inhoud van die grondwaardes van die Grondwet maak dit noodsaaklik dat filosofiese en etiese[2] inhoud aan die grondwaardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet gegee word, want geen abstrakte waarde het ooit 'n objektiewe inhoud nie. Abstrakte ideale veronderstel altyd filosofies-etiese voorveronderstellings. Dit is verder noodsaaklik omdat die grondwaardes fundamentele riglyne gee vir die interpretasie en toepassing van die Grondwet. Deur 'n filosofies-etiese inhoud aan die grondwaardes te gee kan 'n interpretatiewe raamwerk vir regspraak geskep word waardeur 'n etos van menseregte in Suid-Afrika bevorder kan word.

Die vormgewing aan die grondwaardes van die Grondwet maak 'n etiese dialoog tussen al die belangrike rolspelers in die Suid-Afrikaanse gemeenskap nodig. Die gemeenskap en ook die Reformatoriese teologie kan dit nie aan howe alleen oorlaat om filosofiese en etiese inhoud aan die grondwaardes van die Grondwet te gee nie, omdat dit sou beteken dat die gemeenskap die waardes wat howe formuleer, onkrities sou aanvaar. Dit is verder vanuit 'n regsoogpunt belangrik dat die regspraak aandag gee aan die sienings van al die Suid-Afrikaanse rolspelers. Die regspraak kan die vreedsame naasbestaan van die landsburgers in gevaar stel deur eensydig waardes wat vreemd aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap is, op die samelewing af te dwing.

Vervolgens word gefokus op die etiese grondslag wat die Grondwetlike Hof tot dusver aan menswaardigheid, gelykheid en vryheid gee.

## 3. Menswaardigheid

Menswaardigheid word deur die Handves van Regte as die kernwaarde van die Grondwet gehandhaaf. Dit blyk uit die rangorde wat artikels 1,

2 Die term *filosofies* word nie in hierdie artikel in sy betekenis as wetenskaplike vakterm gebruik nie. Dit word eerder gebruik om die voorveronderstellings en ideale wat die grondwaardes van die Grondwet ten grondslag lê, uit te druk.

7(1), 36(1) en 39(1) van die 1996-Grondwet aan die verskillende grondwaardes gee; die feit dat die reg op menswaardigheid en lewe in artikels 10 en 11 ongekwalifiseerd gestel word; en uit uitsprake van die Konstitusionele Hof waarin menswaardigheid as die kernwaarde van die Grondwet beskryf word. Regter Chaskalson stel in *State v Makwanyane* [par. 144] die belangrikheid van menswaardigheid soos volg:

> The rights to life and dignity are the most important of all human rights, and the source of all other personal rights in Chapter Three. By committing ourselves to a society founded on the recognition of human rights we are required to value those two rights above all others.

## 3.1 Menswaardigheid as die inherente besit van elke mens

Artikel 10 van die Grondwet omskryf die reg op menswaardigheid soos volg: "Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm moet word." Volgens De Waal (vgl. 1998:176) sluit die beskrywing van menswaardigheid as 'n ingebore eienskap van elke mens op die oog af aan by die liberale tradisie se siening dat die mens vanweë sy redelike natuur intrinsieke waarde het, en dat menswaardigheid daarom geen ekwivalent het nie. Regter Sachs wys verder daarop dat die nuwe Grondwet aansluit by die konstitusionalisme wat 'n produk van die Verligting was, en wat gebaseer is op die uitgangspunt dat alle mense inherente regte besit (*State v Makwanyane* [par. 389]).

In *State v Makwanyane* is belangrike waarde-uitsprake gemaak oor die grondwetlike verstaan van menswaardigheid. Regte is telkens in *State v Makwanyane* omskryf as die inherente besit van die mens. Daarom het elke mens regte, selfs kriminele persone, en kan geen mens heeltemal van sy regte ontneem word nie.

Die feit dat elke mens regte het, beteken nie dat sy regte nie ingeperk kan word nie. Sommige regte kan ter wille van ander meer belangrike regte ingeperk of vervreem word. Menswaardigheid en die reg tot lewe is egter 'n uitsondering. *In State v Makwanyane* word hierdie regte beskryf as onvervreembare regte wat die essensiële inhoud en basis van alle ander regte vorm. Dit kan daarom nie soos ander regte ingeperk of vervreem word nie. Regter Chaskalson (*State v Makwanyane* [par. 39]) beskryf menswaardigheid en die reg op lewe in sy hof uitspraak as "twin rights (that) are the essential content of all other rights of the Constitution" (*State v Makwanyane* [par. 84]). Hierdie siening is deur die ander regters van die Grondwetlike Hof ondersteun. Regter Langa noem die reg op lewe "the supreme human right", omdat die Oorgangsgrondwet die reg op lewe ongekwalifiseerd handhaaf. (*State v Makwanyane* [par. 217]). Regter O' Regan wys daarop dat menswaardigheid die

inherente besit van alle mense is. Die reg op lewe en die reg op menswaardigheid is ineengestrengel. Die reg op lewe veronderstel dat 'n persoon menswaardig behandel moet word, terwyl daar sonder lewe geen sprake van menswaardigheid kan wees nie. Menswaardigheid is daarom die fondasie van al die ander regte wat in die Handves van Regte omskryf word. Omdat die reg op lewe en menswaardigheid die inherente besit van alle mense is, kan dit die mens nie ontneem word nie. Die doodstraf kom neer op die vernietiging van die essensie van menswaardigheid (*State v Makwanyane* [par. 335]). Regter Sachs wys ook daarop dat geen mens heeltemal van sy regte ontneem kan word nie (*State v Makwanyane* [par. 392]). 'n Inperking op die reg op lewe sou op 'n vernietiging van die reg neerkom (*State v Makwanyane* [par. 353]). Die doodstraf is daarom ongrondwetlik, want elke mens het regte, selfs die slegste van krimineles (*State v Makwanyane* [par. 392]).

### 3.2 Menswaardigheid en *ubuntu*

In *State v Makwanyane* probeer die Hof om die individualistiese Westerse verstaan van menswaardigheid te versoen met die inheemse *ubuntu*-konsep wat klem lê op die kommunale en kollektiewe aspek van menswaardigheid. Regters Langa, Madala, Mahomed en Mokgoro verwys almal na die *ubuntu*-beginsel wat in die slot van die Oorgangsgrondwet gevind word. Regter Langa gee die mees omvattende definisie van *ubuntu*:

> It recognises a person's status as a human being, entitled to unconditional respect, dignity, value and acceptance from the members of the community such person happens to be part of. It also entails the converse, however. The person has a corresponding duty to give the same respect, dignity, value and acceptance to each member of that community. More importantly, it regulates the exercise of rights by the emphasis it lays on sharing and co-responsibility and the mutual enjoyment of rights by all (*State v Makwanyane* [par. 229]).

Deur menswaardigheid aan *ubuntu* te verbind bevorder Langa 'n kommunale verstaan van menswaardigheid waarin die regte en pligte van die individu korreleer met die regte en pligte van die gemeenskap, en *vice versa* (vgl *State v Makwanyane* [par. 224]). Regters Madala, Mahomed en Mokgoro sluit in hulle definisies by Langa aan wanneer hulle *ubuntu* omskryf as 'n begrip wat groepsolidariteit, humaniteit, moraliteit en sosiale geregtigheid bevorder (*State v Makwanyane* [par. 237, 263, 308]).

Die regters gaan voort om *ubuntu*, wat klem lê op die kommunale en kollektiewe aspek van menswaardigheid, te versoen met die individualistiese Westerse verstaan van menswaardigheid. Regter Langa wys

daarop dat die mens inherente waardigheid besit, en dat die regte van slegtes daarom ook gerespekteer moet word (*State v Makwanyane* [par. 230]). Regter Madala poog om kommunaliteit en reg en plig met mekaar te versoen deur daarop te wys dat die belange van die staat en die individu voortdurend gebalanseer moet word, sonder dat die individu in die proses gedehumaniseer word (*State v Makwanyane* [par. 250]). Volgens regter Mahomed erken *ubuntu* inderdaad die "innate humanity" van die mens. Dit gaan in *ubuntu* oor die gedeelde genieting van regte binne die kollektiewe gemeenskap (*State v Makwanyane* [par. 263]). Regter Mokgoro beklemtoon die individualiteitskomponent wat in *ubuntu* opgesluit is. Volgens Mokgoro (*State v Makwanyane* [par. 309]) sluit die *ubuntu*-beginsel aan by die *International Covenant on Civil and Political Rights* se verwysings na waardigheid as die inherente besit van die menslike stam, en van menseregte as 'n uitloper van die inherente waardigheid van die mens. Menswaardigheid is 'n reg "inherent in all human beings", wat nie vervreem kan word nie, selfs nie in die geval van 'n kriminele persoon nie (*State v Makwanyane* [par. 311]).

Die Hof gebruik duidelik die kommunale *ubuntu*-konsep om menswaardigheid nie net op die individu nie, maar ook op die samelewing as geheel van toepassing te maak. Reg en plig word wederkerig aan mekaar verbind, sodat die individu nie net die reg op menswaardige behandeling het nie, maar ook die plig het om ander menswaardig te behandel. Die hele gemeenskap staan sodoende in 'n interafhanklike verhouding van die erkenning van regte en die uitoefening van pligte. Ter wille van solidariteit moet die gemeenskap en die staat se regte en pligte voortdurend teenoor mekaar opgeweeg word, met inagneming van die feit dat die individu nooit heeltemal van sy reg op waardigheid ontneem kan word nie. Op hierdie wyse word verseker dat menswaardigheid 'n waarde word wat op die hele gemeenskap gefokus is, en in sosiale interaksie erken moet word. Sonder die beskerming van menswaardigheid kan daar geen sprake wees van sosiale geregtigheid of die gemeenskaplike genieting van regte in 'n gemeenskap nie.

### 3.3 Menswaardigheid en organiese lewe

Hoewel die howe menswaardigheid en die reg op lewe ten nouste aan mekaar verbind, hang menswaardigheid oënskynlik nie noodwendig saam met organiese lewe nie. Die Christian Lawyers Association het die grondwetlikheid van die *Wet oor die Keuse van die Beëindiging van Swangerskap* voor die Transvaalse Hooggeregshof bevraagteken op grond van artikel 11 van die Grondwet wat bepaal dat elkeen die reg op lewe het. Volgens die Christian Lawyers Association is artikel 11 ook van toepassing op die ongebore kind. Die *Wet op die Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap* is daarom ongrondwetlik, omdat dit die

terminasie van lewe na konsepsie en voor geboorte toelaat (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1998(11) BCLR 1434(T) 1347[A-B]). Regter McCreath het in sy uitspraak egter die klag van die Christian Lawyers Association verwerp. Die vraag of die fetus voor geboorte regte het, berus volgens McCreath nie op mediese, wetenskaplike of teologiese argumente nie. Dit is 'n streng juridiese aangeleentheid (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1998(11) BCLR 1434(T) 1348 [D-E]).

Volgens McCgreath word die begrippe "elkeen" en "elke persoon" in die Grondwet as wisselvorme gebruik. Dit verwys na alle persone wat regte het. Geen nuwe klas van regsubjekte word deur die verwysing na "elkeen" in artikel 11 onderskei nie (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1348 [A-B]). Daarmee word die lewende status van die fetus nie noodwendig ontken nie. Die vraag is egter of 'n fetus dieselfde wetlike status as 'n lewende, regsdraende persoon kan kry: "… the question is not whether the *conceptus* is human but whether it should be given the same legal protection as you and me" (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1348 [J]).

'n Erkenning van die regte van die fetus kan 'n invloed hê op ander regte wat die Grondwet omskryf, soos die vrou se regte wat in artikel 9 en 12(2) van die Grondwet omskryf word. Die vrou se regte word nêrens gekwalifiseer om plek te maak vir die regte van die fetus nie (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1348 [J]). Dit is volgens McGreath ook moeilik om te sien hoe grondwetlike regte soos vryheid van spraak, of om nie sonder verhoor aangehou te word nie, op 'n fetus van toepassing gemaak kan word (*Christian Lawyers Association of South Africa v Minister of Health and others*, 1348 [F-I]). As 'n reg op lewe, volgens artikel 11, aan die fetus toegeken sou word, kan 'n situasie vol anomalieë ontstaan.

Die belangrikste implikasie van hierdie uitspraak is sekerlik dat 'n fetus nie intrinsieke menswaardigheid besit, soos artikel 10 van die Grondwet menswaardigheid omskryf nie. Menswaardigheid hang af van 'n individu se vermoë om voor die reg op regte aanspraak te kan maak. Dit veronderstel redelike vermoëns en 'n selfstandige bestaan. Menswaardigheid hang nie noodwendig saam met organiese lewe nie. Of die fetus 'n lewende wese is al dan nie, is voor die reg nie van belang nie. Dit gaan vir die Hof oor die regsaansprake van die fetus. Die fetus kan volgens die reg nie op regte aanspraak maak nie. Daarom is 'n fetus as 'n nie-persoon in 'n regsin, bloot 'n entiteit van 'n swanger vrou se liggaam wat onderworpe is aan die vrou se keuses oor voortplanting. Hierdie siening sluit in dat sy die embrio kan doodmaak as sy wil.

## 4. Gelykheid

Die Suid-Afrikaanse Grondwet lê in die lig van Suid-Afrika se ongelyke en diskriminerende verlede besonder baie klem op gelykheid. Op verskeie plekke in die grondwetlike teks word die Grondwet se toewyding aan die beginsel van gelykheid uitgestippel (vgl. artikel 1a en b, 7(1), 36, 39). Die doel van die Grondwet, volgens die aanhef, is om alle vorme van geïnstitusionaliseerde diskriminasie en ongelykheid uit die Suid-Afrikaanse sosiale instelling te verwyder (vgl. *Brink v Kitschoff*, No 1996(6) BCLR 752 (CC) [par. 44])*.* In *President of the Republic of South Africa and another v Hugo* 1997(6) BCLR 1517 (CC) [par. 74]) beskryf regter Kriegler die Suid-Afrikaanse Grondwet as 'n egalitêre grondwet:

> The South African Constitution is primarily and emphatically an egalitarian constitution … in the light of our own par.ticular history, and our vision for the future, a constitution was written with equality at its centre. Equality is our Constitution's focus and organising principle.

Hoewel die konsepte van gelykheid en nie-diskriminasie in internasionale konvensies en buitelandse regspraak aansien geniet, en artikel 39 van die Grondwet howe verplig om by die uitleg van die Handves van Regte buitelandse regspraak in ag te neem, lê die Suid-Afrikaanse howe baie klem op 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse verstaan van gelykheid, juis omdat Suid-Afrika se verlede gekenmerk is deur sistematiese vorme van diskriminasie soos rasseongelykheid en geslagsongelykheid wat in die sosiale samestelling opgeneem is (*Brink v Kitschoff* [par. 39, 41-44]). Die vraag is: Watter soort gelykheid probeer die howe bevorder?

### 4.1 Formele en substantiewe gelykheid

Gewoonlik word in die reg onderskei tussen formele gelykheid en substantiewe gelykheid (Van Reenen, 1997:153). Formele gelykheid gaan van die uitgangspunt uit dat alle mense gelyke draers van regte binne 'n regstelsel is. Gelykheid word verkry deur aan alle mense dieselfde regte toe te ken, ooreenkomstig die norm van nie-voorkeur-behandeling. Die agtergrond en omstandighede van individue word nie spesiaal in ag geneem nie. 'n Formele vorm van gelykheid neem nie strukturele verskille in gelykheid in aanmerking nie, en sal dus nie met die gedagte van regstellende aksie werk nie. Substantiewe gelykheid neem, aan die ander kant, die sosiale en ekonomiese omstandighede in ag wat ongelykheid tussen mense en groepe kan veroorsaak. Hierdie siening van gelykheid is meer geneig om met die idee van regstellende aksie te werk, wat impliseer dat positiewe stappe geneem word om geïnstitusionaliseerde ongelykhede uit die samelewing te verwyder (vgl. Van Reenen, 1997:153).

Die Grondwet handhaaf duidelik ’n substantiewe siening van gelykheid, aangesien dit in artikel 9(2) voorsiening maak vir maatreëls wat heersende sosiale en ekonomiese ongelykhede uit die weg kan ruim. Die Konstitusionele Hof het in verskeie uitsprake dit duidelik gestel dat die Hof, in ooreenstemming met die gelykheidsklousule van die Grondwet, probeer om ’n substantiewe konsep van gelykheid te ontwikkel. In *Brink v Kitschoff* [par. 42] wys regter O’ Regan daarop dat die Grondwet nie met ’n negatiewe of passiewe konsep van gelykheid werk nie. Inteendeel, die opstellers van die Grondwet het besef dat positiewe stappe nodig is om die diskriminasie van die verlede reg te stel. In *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice and others* 1998(12) BCLR 1517 (CC) [par. 62] stel regter Ackermann dit dat die Grondwet sowel substantiewe as remediërende gelykheid bevorder: "… we have encapsulated the notion of substantive as opposed to formal equality. Section 9 of the 1996 Constitution, like its predecessor, clearly contemplates both substantive and remedial equality".

Uit bogenoemde verwysings word dit duidelik dat howe ’n omvattende begrip van gelykheid het. Gelykheid impliseer nie net gelyke regte en gelyke toegang tot die reg nie, maar dit vereis ook die regstelling van ongelykhede in die samelewing deur positiewe remediërende stappe. Dit gaan dus vir howe nie net oor gelyke geleenthede nie, maar ook oor ’n gelykheid in uitkoms. Die Suid-Afrikaanse Grondwet kan daarom met reg ’n egalitaristiese grondwet genoem word.

## 4.2 Gelykheid en menswaardigheid

Die reg tot gelykheid word deur howe grootliks gefundeer in menswaardigheid. Die howe het in verskeie uitsprake menswaardigheid aangetoon as die maatstaf waaraan die regverdigheid van diskriminasie gemeet moet word (vgl. *Prinsloo v Van der Linde & another*, 1997(6) BCLR 759 (CC) [par. 31]). Die belangrikheid van menswaardigheid vir gelykheid is verder bevestig deur ’n aanhaling uit *Egan v Canada* waarin dit duidelik gestel word dat die inherente waardigheid van die mens daarin bestaan dat die gelyke waardigheid van elke persoon erken moet word. Wanneer menslike waardigheid aangetas word, word gelykheid per definisie aangetas (*Prinsloo v Van der Linde* [par. 32]).

Die verband tussen menswaardigheid en gelykheid is verder uitgespel in uitsprake waarin geslagsgelykheid, huwelikstatus en seksuele oriëntasie ter sprake gekom het. In *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice and others* word dit as die doel van gelykheidsregspleging beskryf om te keer dat individue of groepe tot minderwaardigheid verlaag word, en om te verseker dat alle burgers hulle belange kan verwerklik sonder om gemarginaliseer te word [par. 129 en

36]. Volgens regter Sachs [125, 126] moet gelykheid en menswaardigheid in gelykheidsregspleging as komplementerende waardes gesien word. Ongelyke behandeling kan aan die een kant lei tot die aantasting van menswaardigheid, terwyl die aantasting van menswaardigheid aan die ander kant tot ongelykheid kan lei. Deur die waarde van menswaardigheid nou te verbind aan gelykheid kan howe, volgens Sachs, groter klem lê op konteks, die impak van optrede en die sienswyse van die persoon wat geraak word. Op hierdie wyse word 'n situasiesensitiewe menseregtebenadering bevorder, abstraksie vermy, en substantiewe gelykheid bevorder [126].

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dat howe die waardes van menswaardigheid en gelykheid nou aan mekaar verbind. Die waarde van gelykheid berus op die idee dat alle mense inherent gelyke waardigheid besit.

## 4.3 Regverdige en onregverdige diskriminasie

Gelykheid beteken nie noodwendig eenvormigheid of eendersheid nie. Differensiasie is binne 'n moderne staat onvermydelik omdat die wette van 'n land alle burgers nie op 'n identiese wyse kan behandel nie. Die Suid-Afrikaanse konteks van ongelykheid en die nuwe Grondwet se verbintenis tot regstellende stappe maak differensiasie nog meer onvermydelik. Aangesien eenvormige behandeling voor die reg onmoontlik is, en sekere situasies differensiasie vereis, kan alle vorme van differensiasie nie getipeer word as onregverdige diskriminasie nie. Die Grondwet onderskei daarom in die gelykheidsklousule tussen differensiasie wat op billikke en onbillikke behandeling neerkom. Die vraag is wanneer is diskriminasie regverdig en wanneer is dit onregverdig? Artikel 9(3) van die Grondwet noem verskeie gronde waaraan diskriminasie as onregverdig uitgeken kan word, naamlik: ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte. Die gespesifiseerde gronde in artikel 9(3) is geïdentifiseer teen die agtergrond van Suid-Afrika se verlede van diskriminasie. Wanneer die genoemde gronde aangetas word, ontstaan die moontlikheid dat 'n persoon van sy inherente waardigheid ontneem kan word (*Harksen v Lane No & others*, 1997(11) BCLR 1489 [par. 49]). Die lys van gronde wat genoem word, is egter nie allesomvattend nie. Die howe moes daarom ook maatstawwe vind om te oordeel of ongelyke behandeling ten opsigte van nie-omskrewe gronde regverdig is al dan nie (Venter, 2000:9).

In *Harksen v Lane* is vroeëre hofuitsprake oor die maatstawwe waaraan regverdige en onregverdige diskriminasie gemeet moet word, ge-

sistematiseer in 'n logiese volgorde. Onregverdige diskriminasie vind plaas – ooreenkomstig die maatstawwe wat in *Harksen v Lane* onderskei word – wanneer daar geen rasionele verband is tussen 'n vorm van differensiasie en 'n legitieme regeringsdoel wat dit probeer bereik nie en wanneer teen iemand gediskrimineer word op enige van die gespesifiseerde gronde in die Grondwet. As die diskriminasie ten opsigte van 'n ongespesifiseerde grond plaasgevind het, moet die aanklaer onregverdige optrede kan aantoon. Die toets van onregverdigheid sal primêr fokus op die impak van die diskriminasie op die aanklaer en ander wat hulleself in 'n soortgelyke situasie bevind. Die posisie van die aanklaer in die samelewing asook die invloed van vorige patrone van diskriminasie op die aanklaer sal in ag geneem word (*Harksen v Lane* [par. 48-52]). In die laaste stap moet die Hof besluit of 'n bepaling wat op onregverdige diskriminasie neerkom, geregverdig kan word onder die beperkingsklousule (*Harksen v Lane* [par. 53]).

Uit die maatstawwe wat die howe aanlê om te bepaal of diskriminasie onregverdig is, blyk dit duidelik uit die volgende dat Suid-Afrika se verlede van ongelykheid swaar weeg in gelykheidsregspraak:

- Persone wat voorheen benadeel was, se regte word met groot omsigtigheid beskerm.
- Howe probeer om 'n substantiewe vorm van gelykheid te vestig deur 'n omgekeerde proses van diskriminasie.
- Menswaardigheid is die vernaamste maatstaf wat aangelê word om te bepaal of die differensiasie regverdig is of nie.

## 5. Vryheid

Die belangrikheid van die grondwetlike waarde van vryheid blyk uit verskeie grondliggende bepalings wat in die Grondwet gevind word (vgl. artikel 1a, d, 7(1), 36 en 39). Hoewel vryheid 'n belangrike grondliggende waarde van die Suid-Afrikaanse Grondwet is, geniet dit nie dieselfde prominensie as menswaardigheid en gelykheid nie. Menswaardigheid word deur howe gesien as 'n onaantasbare reg wat die basis vir alle ander persoonlike regte en vryhede vorm, terwyl artikel 9(5) daarvoor voorsiening maak dat vryheid in sommige gevalle ingeperk kan word ter wille van die bereiking van gelykheid.

### 5.1 Inperking en ontneming van vryheid

Uit die aard van die saak kan vryheid nie in alle gevalle as 'n onaantasbare en absolute reg gehanteer word nie. Onbeperkte vryhede kan die vreedsame naasbestaan van die burgery en die oppergesag van die

reg bedreig. Vryheid moet beperk word wanneer vryheid selfdestruktief begin word (vgl. Ackermann in *Ferreira v Levin No & others & Vryenhoek v Powell & others*, 1996(1) BCLR 1(CC), par. 52). Daarom moet ruimte gelaat word vir gevalle waar die vryheid van 'n persoon ingeperk of selfs van hom ontneem kan word ter wille van die vreedsame naasbestaan van die burgery.

Artikel 36 bepaal dat 'n reg slegs ingeperk kan word tot die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Verskeie maatstawwe word gebruik om die redelikheid en regverdigbaarheid van 'n beperking te bepaal. Artikel 12(1a) bepaal ten opsigte van die ontneming van vryheid dat 'n persoon nie arbitrêr of sonder gegronde rede van sy vryheid ontneem mag word nie. Die ontneming van 'n persoon se vryheid sal arbitrêr wees as dit nie regmatig, redelik en prosedureel billik is nie (vgl. Currie, 1998:194). Onder "gegronde redes" word verstaan dat die rede op grond waarvan 'n persoon se vryheid van hom ontneem word, 'n regverdige inhoud moet hê. Ontneming van vryheid sal op grond van "gegronde redes" plaasvind as dit in ooreenstemming is met die basiese grondslae van die regsisteem, en as dit die proporsionaliteitstoets slaag (Currie, 1998:196-198). Met die proporsionaliteitstoets word bedoel dat die ontneming van vryheid 'n legitieme doel moet dien en dat die middel wat gebruik word, die doel moet kan bereik. 'n Legitieme doel vir die inperking en die ontneming van vryheid is die beskerming van die staat en burgery. Die skade wat die inperking van vryheid verhoed, moet egter groter wees as die skade wat aan die individu se vryheid gedoen word (Currie, 1998:198). In *Curtis v Minister of Safety and Security and others*, 1996 [par. 47] noem regter Mokgoro die "skade-beginsel" as 'n moontlike maatstaf waaraan die inperking al dan nie van die vryheid van uitdrukking in die toekoms gemeet kan word.

Daar is ook grense aan die inperking van vryheid. Vryheid mag nie op so 'n wyse ingeperk word dat 'n persoon se menswaardigheid daardeur aangetas word nie. Die reg van elke persoon om vry te wees van slawerny, knegskap en dwangarbeid word deur die Grondwet as onaantasbare vryhede beskryf. So ook die reg van 'n persoon om vry te wees van marteling, vernederende en onmenslike behandeling, en onderworpenheid aan mediese eksperimente sonder ingeligte toestemming (vgl. artikels 12 (a,d), 12(2c) en 13 met tabel van onaantasbare regte).

## 5.2 Vryheid en individuele outonomie

Die howe se verstaan van menswaardigheid as 'n inherente en onvervreembare besit van elke mens, stempel vryheid dadelik as 'n intrinsieke deel van menswees. Sonder die erkenning van vryheid kan

daar geen sprake wees van menswaardigheid nie: “Human dignity has little value without freedom, for without freedom personal development and fulfilment are not possible. Without freedom, human dignity is little more than abstraction. Freedom and dignity are inseperably linked” (Ackermann in *Ferreira v Levin* par. 49).

Die erkenning van vryheid hang wesenlik saam met die erkenning van individuele outonomie en selfbeskikkingsreg. Volgens regter Ackermann (*Ferreira v Levin*, par. 54) het elke persoon immers die reg “not to have obstacles to possible choices and activities placed in their way”. Individuele outonomie kan egter nooit verstaan word as losstaande van menslike interafhanklikheid nie. Volgens regter Sachs (*Ferreira v Levin*, par. 251) hang die beskerming van vryheid altyd saam met die erkenning van individuele outonomie aan die een kant, en die erkenning van menslike interafhanklikheid aan die ander kant. Die staat moet soms sekere burgers se individuele outonomiteit inperk om omstandighede te skep waarbinne alle landsburgers hulle individuele outonomie en waardigheid op ’n gelyke wyse kan beoefen (O’ Regan *in Bernstein & others v Bester No & others,* 1996(4) BCLR 449(CC) par. 150).

Die individuele outonomie van landsburgers word in die besonder beskerm deur artikels 12-14 van die 1996-Grondwet. Artikel 12 beskerm die vryheid en beskerming van die persoon. Artikel 13 beskerm elke persoon se reg om nie aan slawerny, knegskap en dwangarbeid blootgestel te word nie, terwyl artikel 14 elke persoon se reg op privaatheid waarborg.

Die doel van artikels 12 en 13 is om fisiese integriteit te beskerm. Artikel 12(1) beskerm die individu se fisiese integriteit teenoor die staat en ander instansies deur die individu te beskerm teen arbitrêre arrestasies, aanhouding sonder verhoor, geweld, marteling, en wrede en onmenslike behandeling (Currie, 1998:192). Artikel 12(2) beskerm sekere aspekte van liggaamlike selfbeskikking en psigologiese integriteit. Artikel 13 weer, beskerm ’n sfeer van individuele outonomie wat met liggaamlike en psigiese integriteit te doen het, deurdat dit bepaal dat niemand aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp mag word nie. Die aspekte van individuele outonomie en vryheid genoem in artikels 12 en 13 hang ten nouste saam met menswaardigheid, en kan daarom as vryhede van ’n hoër orde beskou word. Hieruit word dit duidelik dat daar ’n sfeer van individuele outonomie is wat onaantasbaar is en van geen mens ontneem kan word nie, omdat dit as essensieel vir die beskerming van menswaardigheid beskou word.

Artikel 14 beskerm elke persoon se reg tot privaatheid. Artikel 14 erken dat daar ’n sfeer van individuele outonomie is wat beskerm moet word

teen die kompeterende belange van die gemeenskap. Die reg op privaatheid en individuele outonomie is egter nie onbeperk nie. In *Bernstein v Bester* [par. 67] is dit duidelik gestel dat die belange van die gemeenskap en die individu voortdurend teenoor mekaar moet opgeweeg word. In die persoonlike sfeer word die reg op privaatheid erken, maar die skopus van die reg op privaatheid neem af wanneer 'n persoon die openbare en gemeenskaplike sfeer begin betree.

Uit bostaande blyk dit dat menslike outonomie soos menswaardigheid as inherent deel van menswees beskou word. Daar is 'n sfeer van menslike outonomie wat onaantasbaar is. Hierdie sfeer het betrekking op liggaamlike selfbeskikking waarsonder daar geen sprake kan wees van menswaardigheid nie. Individuele outonomie is egter nie in alle gevalle onaantasbaar nie. Die belange van die individu moet voortdurend opgeweeg word teen die belange van die gemeenskap, en moet soms ook ingeperk word ter wille van die gemeenskap. Die skopus wat aan individuele outonomie gegee word, hang af van konteks. Binne die persoonlike sfeer van 'n persoon se lewe word die reg tot individuele outonomie sterker gehandhaaf as in die openbare sfeer waar die gemeenskap se belange sterk weeg.

### 5.3 Vryheid en selfverwesenliking

In *Ferreira v Levin No and others*, 1996(1) BCLR 1(CC) is die mens se reg tot vrye selfverwesenliking verbind aan die mens se inherente menswaardigheid: "Human dignity cannot be fully valued or respected unless individuals are able to develop their humanity, their "humanness" to the full extent of its potential (*Ferreira v Levin*, par. 49). Sonder vryheid kan die mens se inherente reg op selfverwesenliking egter nie tot stand kom nie: "Human dignity has little value without freedom; for without freedom personal development and fulfilment are not possible" (*Ferreira v Levin*, par. 49).

Die reg op selfverwesenliking as onderliggende waarde kom in verskeie artikels van die nuwe Grondwet na vore. Artikels 15-22 beskerm die volgende regte: die vryheid van godsdiens, oortuiging en mening; vryheid van uitdrukking; die reg op vergadering, betoging, linievorming en petisie; vryheid van assosiasie; politieke regte; burgerskap; vryheid van beweging en verblyf; vryheid van bedryf, beroep en professie.

Die reg tot selfverwesenliking hou terselftertyd in dat gemarginaliseerde groepe en subkulture se vryhede ook beskerm moet word. 'n Persoon se reg tot selfverwesenliking kan alleen ingeperk word wanneer sy poging tot selfverwesenliking'n bedreiging vir die gemeenskap inhou. In *Curtis v Minister of Safety and Security* het die Konstitusionele Hof byvoorbeeld

bevind dat geen persoon daarvan weerhou kan word om pornografiese materiaal in sy private besit te hê nie, solank die materiaal nie skade vir die gemeenskap inhou nie [vgl. par. 27, 37 en 47]. Dit gaan in die erkenning van vryheid en elke mens se reg tot selfverwesenliking nie oor 'n legitimering van losbandigheid nie, maar wel oor die beskerming van die gemeenskap teen onderdrukkende wette en magsmisbruik. Die negatiewe gevolg hiervan is dat sekere sosiale euwels toegelaat moet word ter wille van ander waardes wat vir die gemeenskap ononderhandelbaar is.

Die waarde van vryheid stempel die owerheid as 'n neutrale instansie. Die Grondwet weerhou die staat van onnodige indringing in die private sfeer van landsburgers se lewe. Die staat mag nie enige godsdiens of spesifieke vorm van moraliteit op sy landsburgers afdwing nie. Die waarde van vryheid het dus 'n beskermende funksie ten opsigte van individue, en 'n inperkende funksie met betrekking tot magsinstellings.

## 6. Slotsom ten opsigte van die etiese grondslag wat die Grondwetlike Hof gee aan die grondwaardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet

Uit bogenoemde gegewens blyk dit duidelik dat Suid-Afrikaanse howe hoofsaaklik by die outonome mensbeeld van die klassieke liberalisme aansluit. Die regte van die mens setel in menswees as sodanig en is die inherente besit van elke mens. Die uitgangspunt is die individu. Wanneer die regte van die individu beskerm word, word die regte van die groep ook beskerm. Die individualistiese uitgangspunt van die Grondwet word telkens deur die howe verbind aan 'n kommunale perspektief. Die verpligtinge van die individu teenoor die gemeenskap en die wedersydse interafhanklikheid tussen individu en gemeenskap word gereeld beklemtoon. Anders as in die klassieke liberalisme word ook aandag gegee aan sosiale kragte en word gepoog om mense se agterstand as gevolg van onreg uit te wis.

Menswaardigheid word beskou as die kernwaarde van die Suid-Afrikaanse Grondwet. As kernwaarde het dit 'n fondamentleggende en samebindende funksie in grondwetlike regspraak. In aansluiting by die dominante Westerse paradigma van menseregte word menswaardigheid gesien as die inherente en onontneembare besit van elke individu. Dit vorm die bron en basis van alle ander persoonlike regte. Wanneer menslike waardigheid geskaad word, word ook alle ander persoonlike regte geskaad. Sonder die beskerming van menswaardigheid kan daar geen sprake wees van gelykheid en vryheid nie.

Die waarde van gelykheid word deur die howe grootliks gefundeer in menswaardigheid. Gelykheid vloei voort uit die inherente gelyke waardigheid van alle persone. Die Suid-Afrikaanse Grondwet kan as 'n egalitaristiese grondwet getipeer word, omdat dit nie alleen gelykkansigheid probeer bevorder nie, maar ook uitkomsgebaseerde gelykheid. Uit artikel 9(2) word dit duidelik dat die Grondwet vir 'n substantiewe, eerder as 'n formele, verstaan van gelykheid kies. Hierin breek die Suid-Afrikaanse Grondwet met die klassieke liberalisme se idee van gelykheid.

Vryheid geniet nie dieselfde prominensie as menswaardigheid en gelykheid nie. Ook hierdie waarde word deur die howe gesien as 'n reg wat voortvloei uit die mens se inherente menswaardigheid. Omdat die mens 'n intrinsieke menswaardigheid besit, besit hy ook 'n inherente reg op outonomie, selfbeskikking, selfverwesenliking en vrye identiteitsvorming. Die individu se reg op outonomie en selfverwesenliking staan egter nie los van menslike interafhanklikheid nie. Die belange van die gemeenskap en die individu moet voortdurend teenoor mekaar opgeweeg word. Sommige vryhede, soos die reg op liggaamlike selfbeskikking, is privaat en persoonlik van aard, en raak die essensie van menswaardigheid. Dit kan daarom as onaantasbare en onvervreembare vryhede beskou word. Sodra die openbare terrein betree word, word die vryhede van individue egter tot 'n groter mate onderhandelbaar, omdat die belange van die gemeenskap in die openbare sfeer sterker weeg. Wanneer die uitoefening van bepaalde vryhede die waardes van menswaardigheid en gelykheid, die vryhede van ander burgers, of die vreedsame naasbestaan van die burgery begin bedreig, moet sodanige vryhede ingeperk word ooreenkomstig redelike en billike juridiese maatstawwe.

## 7. Menswaardigheid, gelykheid en vryheid in die lig van die Skrif

Die leerstuk van menseregte is 'n sestiende-eeuse humanistiese konsep wat nie direk na die Skrif terugherlei kan word nie. Soos met enige moderne etiese probleem waaroor die Skrif geen direkte uitsprake gee nie, moet op 'n deduktiewe wyse te werk gegaan word wat reg sal laat geskied aan sowel die religieuse gerigtheid van die Skrif as die juridiese gerigtheid van menseregte. Binne die Reformatoriese tradisie word die saak van menseregte hoofsaaklik op 'n holistiese wyse benader deurdat sentrale Bybelse temas as uitgangspunt geneem word, en in die lig waarvan menseregte geïnterpreteer word (vgl. RES, 1983 en WARC, 1976). Hoewel die woord "menseregte" nie in die Skrif voorkom nie, word die saak van menseregte, en spesifiek menswaardigheid, gelykheid en vryheid wel gehanteer in verskeie sentrale temas in die Skrif. Belangrike

temas in die Skrif wat lig werp op menseregte is die soewereine heerskappy van God, die mens as beeld van God, die sondeval, die algemene genade, die geregtigheid van God, die eis tot navolging van Christus en die gelykvormigwording aan die beeld van Christus.

Die omvang van hierdie artikel laat nie ruimte vir 'n uitvoerige teologiese bespreking oor die implikasies van die bogenoemde temas vir menseregte nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal volstaan word met enkele fundamentele opmerkings oor die vernaamste verskille tussen 'n Skriftuurlike en Reformatoriese benadering tot menswaardigheid, gelykheid en vryheid, en die etiese grondslag wat die Grondwetlike Hof tans aan hierdie waardes gee.

## 7.1 Die teosentriese fundering van regte

In teenstelling met die antroposentriese benadering van die Grondwetlike Hof wat die regte van die mens in inherente eienskappe van die mens fundeer, fundeer die Skrif die mens se regte teosentries in die soewereiniteit van God en die mens se geskape gerigtheid op God. God word in die Skrif voorgehou as 'n soewereine en almagtige Wese wie se koningsheerskappy vrymagtig, absoluut en onomkeerbaar is. As Skepper het Hy absolute regte oor die skepping. Hy bepaal die oorsprong en die wese, die bestemming en die uiteinde van die mens en skepping (vgl. Heyns, 1986:389 en Helberg, 1984:4).

Die soewereiniteit van God impliseer dat menseregte teosentries gefundeer moet word en nie antroposentries nie. God verleen as Skepper-Koning aan die mens regte (Greidanus, 1984:7). Die mens besit geen inherente regte los van God en sy medemens nie. Hierdie regte wat God aan die mens verleen, word uitgespel in die vorm van roeping en verpligting, eerder as in regte vir myself.

As soewereine en vrymagtige Skepper kan God die mens se regte vervreem. Die mens besit skeppingsregte, nie ontiese regte nie (vgl. Spykman, 1979:1). Teenoor God kan die skepsel immers geen regte opeis nie (vgl. Rom. 9:14-16 en Van Wyk 1987:3). God kan byvoorbeeld die mens se reg op lewe hom ontneem (vgl. Gen. 9:6). Die talle voorbeelde in die Skrif van die aantasting van menseregte wat deur God gelegitimeer word, vloei voort uit sy soewereiniteit en heiligheid.

Die teosentriese fundering wat die Skrif aan regte gee, hang ten nouste saam met die relasionele inhoud wat die Skrif aan die mens se beeldskap van God gee. In Genesis 1:26 word twee uitdrukkings vir die mens se beeldskap van God gebruik, naamlik *sélém* en *dêmut*. *Sélém* dui op 'n skadubeeld of afbeelding, terwyl *dêmut* op 'n refleksie of kopie

kan dui (vgl. Keil & Delitzch, s.j:63; Wentsel, 1987:593 en Durandt, 1982:163). Hierdie twee sinonieme wat afwisselend gebruik word, beklemtoon die feit dat die mens 'n fisiese verteenwoordiger van God is, nie 'n gestalte van God self nie (vgl. Harris, Archer, Waltke, 1980:438). Anders as die oud-Oosterse wêreld ken die Skrif geen wesenseenheid tussen God en mens nie (vgl. Vriezen, 1966:187-189).

*Sélém* en *dêmut* stel die mens dus in 'n verhouding tot God en beskryf die mens se gemeenskap met God. Die beeldskap gaan nie op in inherente eienskappe van die mens nie, maar dit omvat wel die mens se ganse liggaamlike en geestelike bestaan voor God. Die verhoudingsgerigtheid van die *imago Dei* blyk uit die feit dat die beeldskap in die Skrif dien as 'n fundering vir God se gemeenskap met die mens, soos dit in die verbond ter sprake kom (vgl. Vriezen, 1966:187). As soewereine Skepper en Verbondsgod tree God in 'n vader-kind-verhouding met die mensheid, en ken Hy 'n bepaalde status aan die mens toe. Hy maak die mens die kroon van sy skepping. Die mens staan, anders as die dierewêreld, in 'n unieke verhouding tot God. Daar is 'n bepaalde onaantasbaarheid aan die mens, sodat daar nie oor die lewe, bewegings en privaatheid van die mens beskik kan word soos in die geval van diere nie (vgl. Gen. 9:6; König, 1993:94). Op hierdie wyse word 'n besonderse waardigheid aan die hele mensheid toegeken.

As kroon van God se skepping moet die mens God se deugde reflekteer (Van Wyk, 2000). Calvyn lê baie klem op die feit dat die mens as 'n spieëlbeeld van God se beeld beskou kan word (*Inst*. 1.15.4; kyk Calvyn, 1992). In die Nuwe Testament word die beeldskap duidelik in verband gebring met 'n reflektering of uitstraling van die heerlikheid van God. Soos wat Christus die heerlikheid van God uitstraal, moet die mens die heerlikheid van Christus uitstraal (vgl. 2 Kor. 3:18). Hierdie weerspieëling van deugde vind plaas binne die konteks van 'n verhouding tussen God en mens.

Hoewel die beeldskap van die mens nie met sy heerskappy oor die skepping vereenselwig kan word nie, word sy beeldskap wel op 'n besondere wyse weerspieël in sy verteenwoordiging van God op aarde. God gee aan die mens beheer oor sy skepping en vra van die mens om dit te bewaak en beheers (vgl. Wentsel 1987:588). In die heerskappy wat die mens oor die skepping voer, antwoord die mens op die roeping van God en weerspieël hy ook die deugde van God (vgl. Van Wyk, 1993:18).

Die mens vertoon nie net die beeld van God in sy heerskappy oor die natuur nie, maar ook in menslike kultuurvorming. God skep die mens as tweeheid – as man en vrou (Gen. 1:27, 2:18 en 5:1). Uit die mens se geskapenheid as tweeheid blyk dit dat menswees feitlik identies is aan

medemens-wees (Van Wyk, 1987:33). Die liefde tot God kan nooit aanwesig wees sonder dat dit manifesteer in verhoudings met ander nie (Berkouwer, 1957:195, Barth, 1960:228). Die mens is geskape om gemeenskap met mekaar te hê. Hierdie gemeenskap kom veral na vore in die huwelik wat die basisverhouding van medemens-wees vorm. Hieruit neem dit talle gestaltes in die samelewing aan (Van Wyk, 1987:33). In die onderlinge verhoudinge wat mense met mekaar het, moet hulle ook die deugde van God weerspieël. Die gemeenskap tussen mense staan nooit los van God nie, maar is wel gefundeer in God en gerig op God.

Die teosentriese fundering wat die Skrif aan mense se regte gee, beteken dat menswaardigheid, gelykheid en vryheid in die Skrif ’n eksterne normering en ’n relasionele inhoud het. Regte kom voort uit die status wat God aan die mens toeken, en nie uit die persoonlike outonomie van die mens nie.

## 7.2 Menswaardigheid, gelykheid en vryheid as etiese kategorieë

Menswaardigheid, gelykheid en vryheid is, vanweë die teosentriese fundering en relasionele inhoud wat die Skrif daaraan gee, etiese kategorieë wat voortdurend positief gevul moet word deur die beoefening van geregtigheid en liefde. Die gevolg is dat ’n noue verband tussen reg en plig, individu en gemeenskap gelê word, in teenstelling met die klassieke liberalisme se individualistiese beklemtoning van regte, dikwels ten koste van menslike verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap.

In die positiewe invulling van die etiese kategorieë van menswaardigheid, gelykheid en vryheid speel geregtigheid en liefde ’n fundamentele rol. Die Christelike konsep van geregtigheid verskil van die meeste ander tradisies in die sin dat geregtigheid nie in die etiek gefundeer word, soos in die geval van die Griekse, natuurfilosofiese en Stoïsynse geregtigheidteorieë nie, ook nie in die erkenning van antropologiese grondregte soos in die geval van die klassieke liberalisme nie, maar wel in die heilshandelinge van God.

Die Christelike geregtigheid dui in die eerste plek op ’n heilsgawe van God aan die mens, waardeur die mens se kindskap van God en sy oorspronklike status weer aan hom toegeken word op grond van die werk van Christus. Die nuwe status wat God aan die mens toeken, het egter ook ’n etiese dimensie. Volgens Quell en Schrenk (1964:198, 199) word die woord δικαιοσυνη (*dikaiosuné*) in bykans alle gevalle gebruik in verband met ’n regte optrede ooreenkomstig die wil van God. Die mens se nuwe status van geregtigheid voor God lei tot ’n nuwe lewe wat gekenmerk word deur geregtigheidsoptrede. Hierdie soeke na geregtigheid vind plaas binne die kader van die liefde. Daar kan geen

sprake wees van geregtigheid sonder liefde nie. Terselfdertyd kan die liefde nie anders as om instrument van geregtigheid te wees nie (vgl. Du Toit, 1991:446). Sowel in die Ou Testament as die Nuwe Testament dien die liefde as die diepste motivering vir gehoorsaamheid aan die Wet van God (Matt. 5:20). Deur liefde en geregtigheid teenoor alle mense te beoefen volg die gelowige die voorbeeld van Christus na, en word die gelowige meer en meer gelykvormig aan die beeld van Christus wat die volmaakte beeld van God vertoon (vgl. Ef. 5:2 en 2 Kor. 3:18).

Omdat die Grondwetlike Hof se wesensontologiese verstaan van menseregte geen empiriese of eksterne normering het nie, is dit moeilik om morele verantwoordelikheid daarmee te bevorder. Die mens se regte setel immers in sy eie natuur, en nie in enige eksterne verhoudings nie. Die beoefening van die mens se regte is daarom nie gerig op enige eksterne maatstawwe of bindinge nie, maar gaan altyd oor die verwesenliking van die self. Omdat die relasionaliteit van die menslike bestaan nie integraal verdiskonteer word nie, is dit moeilik om met behulp van 'n ontologiese fundering van menseregte 'n kultuur van morele verantwoordelikheid te skep. Die Skrif daarenteen gee 'n relasionele en etiese inhoud aan menswaardigheid, gelykheid en vryheid wat gefundeer is op geregtigheid en liefde. Dié begrippe het binne die Christelike tradisie 'n omvangryke en konkrete inhoud, met die gevolg dat dit 'n breër konkrete skopus aan die grondwaardes van die Grondwet kan help gee, met behulp waarvan 'n etos van menseregte in Suid-Afrika bevorder kan word.

### 7.3 Die etiese inhoud van menswaardigheid, gelykheid en vryheid in die Skrif

Menswaardigheid is 'n status wat God aan die mens toeken. Omdat God die mens se waardigheid erken en beskerm, is die mens waardig. Aangesien menswaardigheid 'n status is wat God aan die mens toeken, is dit tegelykertyd ook 'n Godgegewe reg waarop die mens teenoor ander mense kan aanspraak maak.

Die waardigheid van die mens hang ten nouste saam met die reg op lewe. Sonder lewe kan die mens nie God se beeld vertoon nie. Daarom het geen mens die reg om die lewe van 'n ander mens te neem nie (vgl. Gen. 9:6). Die mens se Godgegewe status van waardigheid hang verder saam met die feit dat God die mens met buitengewone struktuurmoontlikhede skep. Die mens is geskape om in gemeenskap met God te kan tree, om sy Godgegewe kultuurmandaat te kan beoefen en om in medemenslike gemeenskap te kan tree (vgl. Gen. 1:26-28). Wanneer die mens verhoed word om hierdie fundamentele struktuurmoontlikhede te kan beoefen word sy waardigheid aangetas.

Omdat menswaardigheid te doen het met die mens se reg om sy Godgegewe struktuurmoontlikhede te kan verwesenlik, is menswaardigheid ooreenkomstig die Christelike siening in meer aspekte van menswees geleë, as net in menslike eienskappe soos lewe, ras, kleur, geslagtelikheid, ouderdom, liggaamlike integriteit ensovoorts (vgl. artikel 9(3) van die Grondwet). Menswaardigheid gaan nie alleen oor 'n reg op lewe nie, maar ook 'n reg op 'n menswaardige lewe ooreenkomstig God se oorspronklike doel met die mens. Sodra 'n persoon se basiese struktuurmoontlikhede, soos sy potensiaal om religie te kan beoefen, om 'n medemenslike en meervoudige lewe te kan lei, om as rentmeester van God te kan arbei en kultuur te kan beoefen, hom ontneem word, word sy menswaardigheid aangetas. Dit het belangrike implikasies vir die omskrywing van sosio-ekonomiese regte.

Aangesien die waardigheid van die mens setel in sy Godgegewe moontlikhede, mag die mens se waardigheid nie deur ander mense van hom ontneem word nie. Dit kom neer op opstand teen God. Alleen God kan die mens van sy Godgegewe moontlikhede ontneem. Veel eerder kom die opdrag van God na die mens om respek te toon vir die waardigheid van ander, deur sy naaste in staat te stel om volgens sy Godgegewe moontlikhede te kan handel. Hierdie noue verband tussen menswaardigheid, verantwoordelikheid en liefde hou in dat menswaardigheid nooit as 'n individualistiese of statiese begrip gehanteer kan word nie. Dit is in die woorde van Du Toit (1988:63) "geen absoluutheid of starre grootheid êrens in die mens self nie, geen abstrakte en isoleerbare synskategorie nie, geen deeltjie van 'n pakket ontiese onvervreembaarhede nie". Menswaardigheid is eerder 'n etiese kategorie wat alleen verwerklik kan word as die mens sy verantwoordelikhede teenoor God, en sy daaruitvoortvloeiende pligte teenoor sy naaste nakom.

Die gelykheid van alle mense is geleë in die feit dat elke mens voor God te staan kom (vgl. Du Toit, 1988:77). Omdat God alle mense na sy beeld skep, is alle mense gelykwaardig voor God. God ken as Skepper 'n besonderse waardigheid aan elke mens toe, en eis daarom van die mens om sy medemens se waardigheid te respekteer, deur Hom as 'n gelyke te behandel (vgl. Matt. 5:43-48). Deur die medemens as 'n gelykwaardige persoon te behandel, word respek vir die Skepper van die mens getoon. Die gelykheid van alle mense kom verder na vore in die feit dat die hele menslike geslag sy eenheid in God vind (Bavinck, 1928:484). Die menslike geslag word in die Skrif voorgehou as 'n familie, wat in 'n verwantskap met mekaar staan (Hand. 17:26). Hierdie verwantskap kom na vore in die feit dat elke mens die lewe as gawe van God ontvang (Gen. 2:7), en dat die Gees van God in elke mens teenwoordig is (Gen. 6:3). Die eenheid van die menslike geslag roep die mensheid tot

gemeenskap met mekaar op. As beelddraers van God moet alle mense mekaar respekteer, met mekaar identifiseer en solidariteit teenoor mekaar toon.

Sowel "geregtigheid" as "liefde" veronderstel 'n gelyke behandeling van mekaar voor God. God se geregtigheid vereis dat alle mense hulle naaste so moet behandel dat die "naaste" aan God se reg kan voldoen. Dit kan alleen gebeur as die "naaste" se fundamentele gelykwaardigheid en gelyke verantwoordbaarheid voor God erken word. Die liefde as instrument van God se geregtigheid vereis terselfdertyd dat die naaste behandel moet word "soos ek self graag behandel wil word" (vgl. Mark. 12:30 en 31). So word die liefde die vernaamste instrument waardeur die gelykheid tussen mense verwerklik moet word. Gelykheid is nie 'n ontiese, statiese en verhoudinglose toestand wat sy normering in inherente eienskappe van die mens vind nie. Dit is 'n relasionele begrip wat sy normering in God vind, en samebindend, solidêr en gemeenskapstigtend te werk gaan. Soos menswaardigheid, is dit 'n etiese kategorie wat voortdurend positief gevul moet word deur die beoefening van geregtigheid en naasteliefde.

Soos in die geval van menswaardigheid en gelykheid, word vryheid in die Skrif nie voorgehou as 'n ontologiese eienskap wat setel in die redelikheid van die mens, of menswees as sodanig nie. Dit is ook nie 'n individualistiese begrip wat bestaan in 'n vrywees van ander, vryheid van enige uitwendige dwang, of absolute kiesmoontlikhede nie. Menslike vryheid word in die Skrif voorgehou as 'n geskenkte vryheid van God, nie 'n natuurlike vryheid nie (Rendtorff, 1988:39). Dit is 'n werklikheid waarvanuit die mens leef (Du Toit, 1988:65). Vryheid het daarom in die Skrif grootliks 'n positiewe inhoud. Dit gaan oor 'n "vryheid vir", en nie 'n "vryheid van" nie. Ware vryheid bestaan daarin dat die mens ooreenkomstig God se bestemming vir die mens leef en die struktuurmoontlikhede waarmee hy geskape is, probeer verwerklik. Dit is nie geleë in 'n onafhanklikheid van God en die medemens, of in eiemagtigheid nie, maar wel in kindskap en diens aan God. Sodra die mens homself losmaak van die Wil van God, verval hy in onvryheid. Omdat vryheid 'n werklikheid is van waaruit geleef word, en altyd gerig is op God, is die vryheid om God te aanbid die mees sentrale vryheid. Menslike vryheid dien ook medemenslikheid. Dit bevry nie die mens van medemenslikheid nie. Vryheid mag daarom nooit in 'n gesindheid van afsydigheid teenoor die naaste beoefen word nie, maar dit impliseer altyd 'n plig teenoor ander. Volgens Van Wyk (1987:36) gaan verantwoordelike vryheid en vrye verantwoordelikheid onlosmaaklik saam, sodat vryheid nooit 'n doel op sigself word nie, maar altyd medebepaal word deur die Wil van God en die belange van die medemens (vgl. Greidanus, 1984:29).

Die roeping tot vryheid bestaan daarin dat mense mekaar in liefde moet dien (Gal. 5:13). Die liefde is die weg waarlangs die ware vryheid gestalte kry. Omdat dit gerig is op die naaste, veronderstel die liefde gemeenskap en beveg dit individualisme (1 Kor. 13:4 en 5). Die liefde kwalifiseer vryheid as ’n vrywees vir God en ander. Dit is terselfdertyd die volle vervulling van die wet. Die nuwe mens is nie vry van die wet nie, maar wel vry in die wet in die sin dat hy deur God bevry is van legalisme om die ware bedoeling van die wet na te jaag, soos Jesus dit in die liefdesgebod saamvat (vgl. Du Plessis, 1978:244 en Mark. 12:30, 31). Die Christelike vryheid wat in liefde beoefen word, lei tot ’n toestand van vrede tussen God en mens, en mens en mens (vgl. Gal. 5:14 en 22 en Ef. 2:14). So word ’n goeie balans gehandhaaf tussen individualiteit en kommunaliteit deur morele verantwoordelikheid te beklemtoon.

Die Grondwetlike Hof werk met ’n outonome mensbeskouing, wat die onskendbaarheid van die menslike persoon probeer handhaaf. Die gevolg is dat ’n samelewing maklik in individualisme kan verval, omdat menseregte klem sou lê op die outonomie van die individu wat homself maksimaal moet kan verwesenlik. Die maksimale verwesenliking van die individu geskied dikwels ten koste van morele verantwoordelikheid teenoor ander, en lei maklik tot die erodering van gemeenskapswaardes. Die gevaar van individualisme kom veral na vore in die wyse waarop die waarde van vryheid deur howe gedefinieer word. Vryheid word hoofsaaklik negatief en reaksionêr gedefinieer as bestaande uit ’n reg op outonomie, selfbeskikking, selfverwesenliking en vrye identiteitsvorming. Dit bestaan eerder uit ’n “vrywees van ander”, as ’n “vrywees vir ander”. Hoewel die Konstitusionele Hof dit duidelik maak dat vryheid nie ten alle koste gehandhaaf kan word nie, en dat die regte van die individu voortdurend opgeweeg moet word teen die belange van die gemeenskap, bly die Hof se formulering van vryheid hoofsaaklik individualisties en negatief van aard as gevolg van die wesensontologiese fundering wat dit aan vryheid gee. Die gevolg van so ’n negatiewe en individualistiese verstaan van vryheid is dat gemeenskapsinstellings en sosiale verbande begin verbrokkel, omdat die individu deur die menseregtediskoers bevry word van die invloed van sosiale instellings. Die “vrywees van ander”-mentaliteit gee aanleiding tot ’n lewensingesteldheid wat geen samelewingsvoorskrifte of gesag meer wil aanvaar nie, met die gevolg dat permissiwiteit, kriminaliteit, gesinsverbrokkeling en soortgelyke sosiale euwels toeneem (vgl. Du Toit, 1988:150). Hierdie tendens kan duidelik waargeneem word in Westerse lande, waar menseregte baie individualisties begrond word.

Weens die teosentriese normering en positiewe inhoud wat die Reformatoriese tradisie aan vryheid gee, word baie klem gelê op die morele verantwoordelikheid van die mens. Regte en verantwoordelikhede word

onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die Christelike siening van reg en verantwoordelikheid kan 'n groot bydrae lewer tot die vestiging van 'n etos van menseregte in Suid-Afrika.

## 8. Slotopmerking

Dit is noodsaaklik dat howe die waardes van alle sektore van die gemeenskap in hulle regspraak verdiskonteer, sodat howe nie waardes wat vreemd aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap is, eensydig op die gemeenskap afdwing nie. In die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike waardesisteem is dit nodig dat howe, soos in die geval van die *ubuntu*-konsep, let op die Christelike tradisie se benadering tot menswaardigheid, gelykheid en vryheid. 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap se waardes is immers Christelik van aard. Uit die aard van die saak is dit nie moontlik om teokratiese ideale op 'n pluralistiese gemeenskap af te dwing nie. Nog minder is teokratiese ideale afdwingbaar binne 'n neutrale staatkundige opset. Alle fasette van die Christelike sienings van menswaardigheid, gelykheid en vryheid is verder nie juridies toepasbaar nie. Dit is egter noodsaaklik dat howe hulleself afvra:

- Tot watter mate kan die Christelike sienings van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bruikbaar wees vir regspraak?
- Watter aspekte van die Christelike konsepte van menswaardigheid, gelykheid en vryheid kan op 'n juridies relevante wyse gebruik word?

## Bibliografie

BARTH, K. 1960. Church Dogmatics III/II. Edinburgh : Clark.

BAVINCK, H. 1928. Gereformeerde dogmatiek. Deel 2. Kampen : Kok.

BERKOUWER, G.C. 1957. De mens het beeld Gods. Kampen : Kok.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens 1559. Boek 4. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CURRIE, I. 1998. Freedom and security of the person. (*In* De Waal, J., Currie, I & Erasmus, G., *eds*. The Bill of Rights handbook. Western Cape : Juta. p. 190-207.)

DE WAAL, J. 1998. Human dignity. (*In* De Waal, J., Currie, I. & Erasmus, G., *eds*. The Bill of Rights handbook. Western Cape : Juta. p. 175-182.)

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – L.L.D.)

DURANDT, J.J.F. 1982. Skepping, mens en voorsienigheid: wegwysers in die dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

DU TOIT, D. 1988. Die mens en sy regte: geloof en praktyk in Suid-Afrika. Kaapstad : Zebra.

DU TOIT, D. 1991. 'n Christelike beskouing van menseregte. *In die Skriflig,* 25(4):439-456.

GREIDANUS, S. 1984. Human rights in biblical perspective. *Calvin Theological Journal*,19:15-31.

GRONDWET. 1996
*kyk* SUID-AFRIKA. 1996

HARRIS, R.L., ARCHER, G.L. & WALTKE, B.K. 1980. Theological wordbook of the Old Testament. Volumes 1 & 2. Chicago : Moody.

HELBERG, J.L. 1984. Die Ou Testament oor menseregte. *In die Skriflig*, 18(72):4-12.

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese etiek. Deel 1. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. s.a. Commentary on the Old Testament in ten volumes. Volume 1: the Pentateuch. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

KÖNIG, A. 1993. Menslike mense: gelowig nagedink deel 5. Oor die mens en die sonde in die praktyk. Johannesburg : Orion.

QUELL, G. & SCHRENK, G. 1964. Δικη, δικαιοσ, δικαιοσυνη, δικαιοω. (*In* Kittel, G., *ed*. Theological dictionary of the New Testament. Volume 2. Translated from the German by Geoffrey W. Bromiley. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 174-225.)

RES (REFORMED ECUMENICAL SYNOD). 1983. Testimony on human rights. Grand Rapids, Mich. : RES.

RENDTORFF, T. 1988. Christian concepts of the responsible self. (*In* Rousser, L.S., *ed*. Human rights and the world's religions. Notre Dame : University of Notre Dame Press. p. 33-45.)

SPYKMAN, G. 1979. Toward a biblical view of "human rights". *Theological Forum*, VII(1):1-17.

SUID-AFRIKA. 1996. Constitution of the Republic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996. (B 34B-96.) (ISBN: 0-260-20716-7)

VAN REENEN, T.B. 1997. Equality, discrimination and affirmative action: an analysis of section 9 of the Constitution of South-Africa. *SA Publiekreg*, 12(1 en 2):79-84.

VAN WYK, J.H. 1987. Etiek en menseregte. *In die Skriflig* 21(81):31-40.

VAN WYK, J.H. 1993. *Homo Dei*: 'n prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. *In die Skriflig*, Supplementum 1 1993 (27).

VAN WYK, J.H. 2000. Persoonlike onderhoud oor mens se beeldskap van God. (Inhoud beskikbaar by outeur).

VENTER, F. 2000. Human dignity as a constitutional value: a South African perspective. Ongepubliseerde artikel.

VRIEZEN, T.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.

WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES
*see* WARC

WARC. 1976. Theological basis of human rights. Geneva : WARC.

WENTSEL, B. 1987. God en mens verzoend: Godsleer, mensleer en zondeleer. Dogmatiek, deel 3a. Kampen : Kok.

## Hofsake

*Bernstein and others versus Bester No and others* 1996(4) BCLR 449(CC).

*Brink vs Kitschoff No* 1996(6) BCLR 752 (CC).

*Christian Lawyers Association of SA and others versus Minister of Health and others* 1998 (11) BCLR 1434 (T)

*Curtis versus Minister of Safety and Security and others* 1996(3) SA 617 (CC).

*Ferreira versus Levin No and others and Vryenhoek and others versus Powell and others* 1996 (1) BCLR 1 (CC).

*Harksen versus Lane No and others* 1997 (11) BCLR 1489.

*National Coalition for Gay and Lesbian Equality and others versus Minister of Justice and others* 1998 (12) BCLR 1517 (CC).

*President of the Republic of South Africa and another versus Hugo* 1997 (6) BCLR 708 (CC).
*Prinsloo versus Van der Linde and another* 1997 (6) BCLR 759 (CC).
*State versus Makwanyane and another* 1995 (6) BCLR 665 (CC).

**Kernwoorde:**

antropologiese x teosentriese benadering
Grondwet (1996): sienings van menseregte
menseregte: etiese voorveronderstellings
vryheid, gelykheid, menswaardigheid

**Key concepts:**

anthropological x theocentric approach
Constitution (1996): views of human rights
freedom, equity, human dignity
human rights: ethical prepositions